Gholf

Hoërskool Swartland se gholf word deur mnr. Brian de Beer bestuur en Malmesbury gholfklub is ons tuiste.

Vanjaar het ons weer eens aan beide die somer- en winterligas deelgeneem. Die eerstespan sowel as die tweedespan het baie goed gevaar in die Bolandliga. Baie geluk aan ons eerstespan wat Interskole gewen het.

Baie geluk ook aan **Marcell van Lill** wat vir die Boland onder 19-span gekies is, en **Tian van Lill** wat vir die Boland onder 14-uitnodigingspan gekies is.

Marcell van Lill

Tian van Lill

Hiermee wil ons alle gholfklubs waar wedstryde gespeel is, maar veral die plaaslike gholfklub, opreg bedank vir die vergunning om die bane op Maandagmiddae vir wedstryde te gebruik.

Ons is vanjaar werklik trots op ons gholfspanne en sien uit na ‘n baie aangename en suksesvolle 2017-seisoen.